[10]

PR 1 (ENG)

jw29101

**PRESS RELEASE BY THE CHAIRMAN OF THE COMMISSION OF INQUIRY REGARDING THE PREVENTION OF PUBLIC VIOLENCE AND INTIMIDATION**

1. The Commission of Inquiry regarding the Prevention of Public Violence and Intimidation held its inaugural meeting in Pretoria on 28 and 29 October 1991.

2. The members of the Commission discussed its work in broad detail. The following was decided:

2.1 To emphasize the independence of the Commission and in particular its independence of Government, the Legislature and any political party.

2.2 The Commission's primary function is to direct and to co-ordinate the gathering of facts relating to public violence and intimidation in the Republic. In terms of the statute creating the Commission, "public violence and intimidation" is defined to mean violence and intimidation committed to achieve any particular political aims.

2.3 In order to fulfil the wide mandate given to it the Commission as a whole will endeavour not to become involved in hearings concerning local or regional incidents or issues. For that purpose the Commission

will make appropriate requests to regional or local dispute resolution committees when they have been established. If it becomes necessary to hold public inquiries before then, a committee or committees of the Commission will be established in concurrence with the Minister of Justice for that purpose. Inquiries will be held by the Commission itself only in respect of public violence or intimidation being conducted or alleged to be conducted on a national level.

2.4 Contact will be made with persons and bodies who might have factual knowledge of matters relating to public violence and intimidation and they will be invited to make such information available to it.

2.5 Members of the public are invited to bring to the attention of the Commission in writing any factual matters relating to its terms of reference. Correspondence may be directed to the Secretary of the Commission of Inquiry regarding the Prevention of Public Violence and Intimidation, Private Bag X858, Pretoria, 0001.

2.6.1 At public hearings of the Commission and committees of the Commission, the rules applicable to court proceedings regarding the media will be adopted. In particular no photographs will be allowed in the precincts of the building where inquiries are held.

2.6.2 Inquiries will be held by the Commission and committees of the Commission in public, save where, having regard to the public interest or the safety of a witness, it is considered necessary to hear evidence <u>in camera</u>.

3. A Committee of the Commission has been established in order to hold an inquiry into the recent violence and alleged intimidation in Thokoza on the East Rand since 8 September 1991. The Chairman of this Committee is Advocate S Sithole, a member of the Commission. He will be assisted by Miss L G Baqwa, also a member of the Commission, and Mr R S Tucker, an attorney of Johannesburg. The inquiry will commence on 18 November 1991 at 10:00 at a venue to be announced shortly. Any member of the public who has information relevant to the subject matter of the inquiry is requested to provide a written statement to the Secretary of the Commission, Private Bag X858, Pretoria, 0001.

PR 1 (AFR)

1e/pers8

**PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK RAKENDE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE**

1. Die Kommissie van Ondersoek rakende die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie het sy inhuldigingsvergadering op 28 en 29 Oktober 1991 in Pretoria gehou.

2. Die lede van die Kommissie het hul taak in die algemeen bespreek. Die volgende is besluit:

   2.1 Om die onafhanklikheid van die Kommissie te beklemtoon, in besonder sy onafhanklikheid van die Regering, die Wetgewende Gesag en enige politieke party.

   2.2 Die Kommissie se primêre funksie is om die insameling van feite met betrekking tot openbare geweld en intimidasie in die Republiek te rig en te koördineer. Ingevolge die statuut waarkragtens die Kommissie ingestel is, word "openbare geweld en intimidasie" gedefinieer as geweld en intimidasie wat gepleeg is om bepaalde politieke oogmerke te bereik.

   2.3 Ten einde die wye mandaat wat aan die Kommissie opgedra is te verwesenlik, sal die Kommissie as 'n geheel poog om nie betrokke te raak by verhore rakende plaaslike of streeksinsidente of twispunte nie. Vir hierdie doel sal

die Kommissie toepaslike versoeke tot die streeks- of plaaslike dispuutbeslegtingskomitees rig wanneer hulle tot stand gebring is. Indien dit nodig sou word om voor daardie tyd openbare ondersoeke te hou, sal 'n komitee of komitees van die Kommissie, met die instemming van die Minister van Justisie, tot stand gebring word vir hierdie doel. Ondersoeke sal deur die Kommissie self gehou word alleenlik waar openbare geweld of intimidasie gepleeg word of na bewering gepleeg word op 'n nasionale vlak.

2.4 Kontak sal gemaak word met persone en liggame wat dalk oor feitelike inligting oor openbare geweld en intimidasie beskik en hulle sal uitgenooi word om sodanige inligting aan die Kommissie beskikbaar te stel.

2.5 Lede van die publiek word uitgenooi om enige feitelike aangeleenthede wat binne die Kommissie se opdrag val, skriftelik onder sy aandag te bring. Korrespondensie kan aan die Sekretaris van die Kommissie van Ondersoek rakende die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, Privaatsak X858, Pretoria, 0001, gerig word.

2.6 Geen lede van die Kommissie sal direkte kontak met die media hê nie. Waar toepaslik, sal besluite geneem deur die Kommissie rakende sy funksies of enige ander aange-

leentheid, namens die Kommissie deur sy Voorsitter of Onder-Voorsitter aan die media meegedeel word.

2.7 (i) By openbare verhore van die Kommissie en komitees van die Kommissie, sal die reëls aangaande die media wat op hofverrigtinge van toepassing is, geld. In die besonder sal geen foto's in die omgewing van die gebou waar die ondersoek gehou word, toegelaat word nie.

(ii) Ondersoeke deur die Kommissie en komitees van die Kommissie sal in die openbaar gehou word, behalwe in gevalle waar, met inagneming van die openbare belang of die veiligheid van 'n getuie, dit nodig geag word om getuienis <u>in camera</u> aan te hoor.

3. 'n Komitee van die Kommissie is tot stand gebring ten einde 'n ondersoek te hou na die onlangse geweld en beweerde intimidasie sedert 8 September 1991 in Thokoza aan die Oos-Rand. Die Voorsitter van hierdie Komitee is advokaat S Sithole, 'n lid van die Kommissie. Hy sal bygestaan word deur mej L G Baqwa, ook 'n lid van die Kommissie, en mnr R S Tucker, 'n prokureur van Johannesburg. Die ondersoek sal om 10:00 op 18 November 1991 begin by 'n plek wat binnekort aangekondig sal word. Enige lid van die publiek wat oor inligting rakende die opdrag van die Komitee beskik word versoek om 'n skriftelike verklaring aan die Sekretaris van die Kommissie, Privaatsak X858, Pretoria, 0001 te besorg.